

# Vuk'uzenzele



Produced by Government Communications (GCIS)

English/Afrikaans

| Maart 2018 Uitgawe 2

## SASSA and Post Office ready for 1 April

**IT'S ALL** systems go for grant recipients with payments on track.

### More Matshediso

**T**he South African Social Security Agency (SASSA) and the South African Post Office (SAPO) are ready to pay social grants to beneficiaries from 1 April without interruptions.

SASSA Acting Chief Executive Officer (CEO) Pearl Bhengu made the announcement when she briefed the media on the state of readiness for SAPO to take over from Cash Paymaster Services (CPS) on paying social grants to beneficiaries.

In the past, SASSA relied on CPS services to pay cash payments, direct deposits and electronic payments.

SASSA and SAPO signed a service agreement in December last year as a partnership to ensure the smooth payment of social grants.

The pilot projects have successfully been implemented since January this year when beneficiaries who receive grants via commercial banks, including Postbank, had money paid directly into their accounts.

According to Bhengu, SASSA has made direct



■ South African Social Security Agency Acting CEO Pearl Bhengu and South African Post Office CEO Mark Barnes are confident that all social grant will be paid on time.

payments to more than 2.3 million beneficiaries for the month of March, and this number will be increased in April 2018.

She said a total of 5.7 million beneficiaries transacting through the SASSA Payment Card will be paid directly by SASSA without the assistance of CPS in April. This means that approximately 7.7 million of the 10.7 million beneficiaries will be paid directly.

At the moment, approximately 2.8 million benefi-

ciaries receive their money in cash at SASSA pay points.

SAPO CEO Mark Barnes said the post office will ensure that payments of social grants are uninterrupted from 1 April.

"The testing of the bulk account opening process with a sample of 1 000 existing SASSA beneficiaries data was seamlessly concluded in February," said Barnes.

According to Barnes, the special disbursement account has the following features:

- No deductions
- Three free cash withdrawals
- One free balance enquiry per month
- One free mini-statement per month
- Free full statement covering up to a maximum of three months on demand
- Free first replacement card

### Old SASSA cards valid until September

Bhengu said beneficiaries who are still using old SASSA cards may continue to do so until 30 September 2018.

"We will soon introduce the new SASSA cards via the Post Office and beneficiaries will be informed about the process to be followed," Bhengu added.

She also called on beneficiaries of social grants to ignore agents who claim that the current SASSA card has expired and is being replaced by another card. ■

**Beneficiaries who are not sure about the information being provided should call the SASSA toll-free number on 0800 60 10 11**



**MISA is a blueprint for success**

Page 4



**KZN's 2020 economic growth targets on track**

Page 7



**ALSO AVAILABLE ON:**



@VukuzenzeleNews

f Vuk'uzenzele

Websites: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)

[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

E-mail: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)

Tel: (+27) 12 473 0353

**Free Copy**



#Mandela100 #BeTheLegacy <https://www.gov.za/mandela100>

# MISA is stadsbeplanner se bloudruk vir sukses

'N REGERINGSPROGRAM help nie net om te verseker dat plaaslike owerhede behoorlike vaardighede het nie, maar ook om jongmense se lewens te transformeer.



Vele Mukhodiwa is 'n begunstigde van die Program vir Jong Gegradueerdes wat 'n graad in Stads- en Streekbeplanning by die Universiteit van Venda behaal het.

## More Matshediso

Om in 'n minderbevoorregte huis groot te word, met 'n werklose enkelmoeder aan die hoof, kan beperkend wees, maar dit het Vele Mukhodiwa nie verhoed om haar droom na te streef om 'n stadsbeplanner te word nie.

Mukhodiwa kom van die dorpie Luheni, wat onder die Thu-

lamela Plaaslike Munisipaliteit in Limpopo val. Sy het in 2016 'n BA-graad in Stads- en Streekbeplanning aan die Universiteit van Venda behaal.

Sy is een van die begunstigdes van die Munisipale Infrastruktuur-bystandsagentskap (MISA) se Program vir Jong Gegradueerdes. Die program is daarop gemik om gegradueerdes bloot te stel aan werk en mentorskap

in toepaslike tegniese vakgebiede sodat hulle as professionele persone kan registreer.

MISA is 'n nasionale regeringskomponent binne die Departement van Samewerkende Regering. Dit is in Mei 2012 gestig.

"Nadat ek matriek in 2008 geslaag het, moes ek 'n wegbreekjaar neem om 'n manier te vind om vir my universiteitsfooie te betaal," het Mukhodiwa gesê.

In 2010 het sy by die Universiteit van Johannesburg geregistreer, maar weens 'n tekort aan geld kon sy nie haar eerste jaar voltooi nie en moes haar studies opgee.

Die volgende jaar het sy vir 'n N3 Elektriese Ingenieurswese-kursus by 'n plaaslike kollege ingeskryf, maar het gou besef dat dit nie die regte studierigting vir haar was nie. Sy het weer aansoek na universiteite gestuur met die hoop om befondsing te kry.

Gelukkig het die Universiteit van Venda haar aansoek aanvaar en sy het in 2012 met 'n kursus

in Stads- en Streekbeplanning begin.

"Die Nasionale Studente Finansiële Hulpkema (NSFAS) het vir my eerstejaarstudie betaal, en MISA het vir my tweedejaarstudie 'n beurs aan my toegeken en my ondersteun tot ek my kursus in 2016 voltooi het," het sy gesê.

Die beurs het al haar onder- rigbehoefte gedek, insluitend klasgeld, skryfbehoeftes, verblyf en kos.

In 2017 het Mukhodiwa met 'n internskap by die Prins Albert Plaaslike Munisipaliteit in die Departement Korporatiewe en Gemeenskapsdienste begin.

"Dit is nooit te laat om te kry wat jy in die lewe wil hê nie. Jy moet alles in jou vermoë doen om jou omstandighede te verander en jou lewe te verbeter," het Mukhodiwa gesê.

MISA se Program vir Jong Gegradueerdes het tans 70 jong gegradueerdes, waaronder 31 stads- en streekbeplanners, 24 elektriese ingenieurs, 12 siviele ingenieurs en drie kontrakteur-

en projekbestuurders is. Almal word as deel van die program deur munisipaliteite in al nege provinsies ondersteun.

MISA se Waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte, Ntandazo Vimba, het gesê sy kantoor verstaan die kritieke behoefte aan vaardighede in ingenieurswese en die beboude omgewing in Suid-Afrika.

"Ons wil nie net jongmense hê wat in hierdie dissiplines gekwalifiseer is nie, maar ons moet ook seker maak dat hulle internasionaal erkende opleiding het en geregistreerde professionele persone is," het Vimba gesê.

"Ons munisipaliteite het 'n groot behoefte aan professionele persone. Ons het 'n groot verantwoordelikheid om die plaaslike regering te professionaliseer, deur ons pogings om kapasiteit te bou," het hy voorts gesê. ▀



Vir meer inligting besoek: [www.cogta.gov.za](http://www.cogta.gov.za)

# Ouers maak hul merk by SBL-verkiesing

OUERS HET DIE geleentheid om 'n leidende rol in die bestuur van openbare skole te speel met die doel om standaarde te verbeter en die skool 'n beter plek vir hul kinders te maak.

Die verkiesing van die skoolbeheerliggaam (SBL) vind in Maart plaas en ouers word aangemoedig om betrokke te raak sodat hulle 'n aktiewe rol in hul kinders se skoolopleiding kan speel.

Verkiesings sal in alle openbare skole regoor die land plaasvind.

Die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, sê dit is die grootste verkiesingsproses in die land, buiten die plaaslike regering en nasionale verkiesings.

"Die SBL-verkiesings dra by tot die ontwikkeling van 'n sterk gevoel van gemeenskapsbelang. Skole se prestasie is geneig om te verbeter wan-

neer ouers aktief betrokke is en daadwerklik belangstel in die skool se sake."

Sy sê die SBL speel 'n belangrike rol om die belange van alle belanghebbers byeen te bring om die gemeenskaplike doelwit te ondersteun, naamlik om goeie onderwysresultate te bereik wat op gemeenskapsbehoefte en ekonomiese ontwikkeling reageer.

Beheerliggame verteenwoordig alle sektore van die skoolgemeenskap, insluitend ouers, onderwysers, nie-onderwyspersoneel en leerders. SBL-lede se ampstermyn is drie jaar.

## Bevoegdheid om skole te regeer

Die Suid-Afrikaanse Skolewet

## Die volgende belanghebbers kan vir die SBL gekies word:

- Ouers van leerders by die skool.
- Opvoeders by die skool.
- Personele by die skool wat nie opvoeders is nie.
- Hoërskoolleerders.

## Wat is 'n beheerliggaam se pligte?

- Besluite oor 'n toelatingsbeleid vir die skool.
- Besluite oor die taalbeleid van die

skool.

- Besluite oor watter godsdienstige praktyke by die skool gevolg sal word.
- Formulering van die skool se grondwet en missieverklaring.
- Formulering van die gedragskode vir leerders wat dissiplinêre prosedures uiteensit.
- Begroting en finansiële bestuur.
- Aanbevole personeelaanstellings.
- Ondersteuning van die skoolhoof, onderwysers en ander personeel.

gee aansienlike magte aan beheerliggame om skole as deel van die kernstrukture van demokrasie te bestuur.

Deur betrokke te raak by die verkiesingsproses verseker ou-

ers dat die skool hul kinders se belange die beste dien.

Hoewel lede van die beheerliggaam nie formele kwalifikasies hoef te hê nie, word ouers met vaardighede in

boekhouding, rekeningkunde en regsdiens in die besonder, sowel as dié wat belangstel in en passievol oor onderwys is, aangemoedig om vir verkiesing oorweeg te word. ▀